basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, 'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Maatskappy Finansiële State | 55 | 45 |
| **2** | Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 35 | 25 |
| **3** | Vertolking van Finansiële Inligting | 45 | 35 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 15 | 15 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE** **(55 punte; 45 minute)**

**BUHLE BEPERK**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2023. Die besigheid verkoop fietse.

**GEVRA:**

1.1 **Verwys na Inligting B (ii).**

Bereken die waarde van die fietse se eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik. (6)

1.2 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. (24)

1.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2023. (25)

**LET WEL:** Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.
Bedrae word NIE in die gekleurde gedeeltes vereis NIE.

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel: Saldo's en totale uit die rekords op 28 Februarie 2023:**

| | **R** |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | 20 000 000 |
| Behoue inkomste | **?** |
| Lening: Uhlula Bank | **?** |
| Debiteurekontrole | 483 110 |
| Vaste deposito | 1 500 000 |
| Handelsvoorraad | 2 125 380 |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings) | 1 049 000 |
| Bank (gunstig) | 629 000 |
| Krediteurekontrole | 523 890 |
| Verkope | 21 017 200 |
| Koste van verkope | **?** |
| Kommissie-inkomste | 277 000 |
| Fooi-inkomste | 303 000 |
| Huuruitgawes | **?** |
| Direkteursgelde | 1 610 000 |
| Dividende op gewone aandele | 990 000 |

**B. Aansuiwerings en addisionele inligting:**

(i) Die besigheid gebruik 'n winsopslagpersentasie van 120% op fietse se kosprys. Handelskorting, R336 000 in totaal, is toegestaan en opgeteken.

(ii) Die volgende inligting is ná die fisiese voorraadopname verkry:

Die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-metode word gebruik om die voorraad van fietse te waardeer.

**Aankope vir die jaar was soos volg:**

| | GETAL EENHEDE | WAARDE PER EENHEID | TOTALE WAARDE R |
|---|---|---|---|
| **AANKOPE** | **5 040** | | **10 094 050** |
| Junie 2022 | 2 085 | R1 950 | 4 065 750 |
| September 2022 | 2 215 | R2 020 | 4 474 300 |
| Januarie 2023 | 740 | R2 100 | 1 554 000 |

**LET WEL:**

- Daar was 1 009 fietse voorhande op 28 Februarie 2023.
- 40 fietse, in Januarie 2023 aangekoop, is aan die verskaffer teruggestuur as gevolg van fabrieksfoute wat geïdentifiseer is.
- 'n Aantal fietse is gesteel en moet as 'n verlies opgeteken word.

(iii) Kommissie-inkomste, R41 000, is aan die besigheid verskuldig.

(iv) Fooi-inkomste sluit R47 150 vir Februarie en Maart 2023 in.

**LET WEL:** Fooi-inkomste het op 1 Maart 2023 met 5% verhoog.

(v) Buhle Bpk. huur vanaf 1 Mei 2022 150 vierkante meter ruimte van Prime Opberging teen 'n maandelikse bedrag van R330 per vierkante meter. Die maatskappy het die gehuurde ruimte op 1 November 2022 met 25 vierkante meter verhoog. Huur is tot 30 April 2023 betaal.

(vi) Voorsien vir die direkteursgelde verskuldig.
Die maatskappy se twee direkteure, Brenda en Johan, is vanaf 2020 in diens geneem.

- Brenda verdien R10 000 per maand meer as Johan, maar sy is nog nie vir Februarie 2023 betaal nie.
- Johan het vir die laaste drie maande van die finansiële jaar onbetaalde verlof geneem.

(vii) Dra 'n debiteur se debietsaldo, R2 700, vanaf die Debiteuregrootboek na sy rekening in die Krediteuregrootboek oor.

(viii) Die maatskappy het in drie vaste deposito's van gelyke waarde belê. Een van die vaste deposito's sal op 31 Mei 2023 verval.

(ix) 'n Bedrag vir belasting is nog op 28 Februarie 2023 aan SAID verskuldig.

(x) **Dividende:**

| | |
|---|---|
| Tussentydse dividende betaal | R990 000 |
| Finale dividende nog verskuldig | R2 640 000 |

(xi) Die skuld-ekwiteitverhouding is 0,2 **:** 1 op 28 Februarie 2023.

**55**

**VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS**
**(35 punte; 25 minute)**

Die inligting het betrekking op Sherbiz Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

**GEVRA:**

2.1 Stel die Gewone-aandelekapitaal-nota op. (7)

2.2 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat:

- Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite (10)
- Kontantvloei van finansieringsaktiwiteite (6)

2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers:

- Netto batewaarde per aandeel (3)
- Dividenduitbetalingskoers (5)
- % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (4)

**INLIGTING:**

**A. Aandelekapitaal en dividende:**

| | |
|---|---|
| 1 Maart 2022 | 1 200 000 uitgereikte aandele |
| 30 Junie 2022 | 'n Addisionele 300 000 aandele is uitgereik. |
| 1 Desember 2022 | 90 000 aandele is van 'n afgetrede aandeelhouer teruggekoop. Hy is R0,80 meer as die gemiddelde aandeleprys betaal en sal nie meer vir dividende kwalifiseer nie. |

**B. Inligting uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie:**

| | **2023**<br>**R** | **2022**<br>**R** |
|---|---|---|
| Gewone aandeelhoursbelang | 10 200 000 | 7 985 500 |
| Gewone aandelekapitaal | 9 306 000 | 7 200 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 27 800 **(Kt.)** | 42 500 **(Dt.)** |
| Aandeelhouers vir dividende | 282 000 | **?** |

**C. Leningstaat van Megan Bank:**

Die jaarlikse leningstaat vir 2023 toon die volgende:

- Saldo op 28 Februarie 2023: R1 678 600
- Rente vir die finansiële jaar gekapitaliseer: R117 600
- Maandelikse terugbetalings, rente ingesluit: R22 750

**D. Netto wins en inkomstebelasting:**

- Netto wins na belasting het R912 500 beloop.
- Inkomstebelasting word teen 27% van die netto wins bereken.

**E. Dividende en verdienste per aandeel:**

| | |
|---|---|
| Finale dividende per aandeel op 28 Februarie 2022 | 24,0 sent |
| Tussentydse dividende per aandeel op 31 Augustus 2022 betaal | 30,0 sent |
| Finale dividende per aandeel op 28 Februarie 2023 | **?** |
| Verdienste per aandeel op 28 Februarie 2023 | 66,2 sent |

**LET WEL:** Alle aandeelhouers in die aandeleregister aan die einde van die finansiële jaar kwalifiseer vir finale dividende.

**35**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (45 punte; 35 minute)**

**GUARDIAN BPK. EN NAVARRA BPK.**

Die inligting het betrekking op TWEE maatskappye.

**GEVRA:**

**LET WEL:** Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:
- Finansiële aanwysers en tendense met syfers aanhaal
- 'n Rede of verduideliking vir die aangehaalde finansiële aanwysers gee

3.1 Kies 'n verduideliking uit KOLOM B wat by die individu of term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.1.1 Direkteur | A geen mening is oor die finansiële posisie van die maatskappy uitgespreek nie |
| 3.1.2 Ongekwalifiseerde ouditverslag | B die persoon wat fondse in 'n maatskappy belê |
| 3.1.3 Aandeelhouer | C bestuur die bedryfs-, finansierings- en beleggingsaktiwiteite van 'n maatskappy |
| | D die finansiële state gee 'n billike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy |

(3 x 1) (3)

3.2 **Likiditeit:**

Identifiseer die maatskappy wat sy bedryfskapitaal goed bestuur. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (5)

3.3 **Finansieringstrategieë en finansiële hefboom: Guardian Bpk.**

- Wat was die oorsake van die verandering in die skuld-ekwiteitverhouding? Verskaf TWEE oorsake met syfers. (4)
- Verduidelik waarom dit vir die maatskappy raadsaam was om meer van lenings gebruik te maak. Haal aan en verduidelik EEN ander finansiële aanwyser wat hierdie mening ondersteun. (4)

3.4 **Dividende, verdienste en opbrengs: Navarra Bpk.**

- Verduidelik EEN finansiële aanwyser wat daarop dui dat 'n bekommerde aandeelhouer nie met die verandering in die dividendbeleid van die maatskappy tevrede behoort te wees nie. (3)
- Verduidelik of die aandeelhouers tevrede behoort te wees met die verdienste en opbrengs van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)

3.5 **Aandeelhouding van Nathan Crewe in Navarra Bpk.:**

- Identifiseer die effek wat die terugkoop van Nathan se aandele op sy % aandeelhouding gehad het. (2)
- Verduidelik hoe die maatskappy in staat was om ongeveer R4,4 miljoen te verkry om die terugkoop van aandele en die dividende wat aandeelhouers verdien het, te finansier. Verskaf TWEE punte. (4)
- Gee TWEE redes waarom die besluit om Nathan se aandele terug te koop, as onverantwoordelik beskou moet word. (4)

3.6 **Direkteurskap:**

- 'Die HFB (hoof- finansiële beampte) het 'n noemenswaardige invloed op 'n maatskappy se sukses.'

  Verduidelik waarom jy met hierdie stelling sal saamstem. (2)
- Verduidelik of die direkteure tevrede behoort te wees, of nie, met die aandeelpryse van die maatskappye aan die einde van die finansiële jaar. Haal in ELKE geval TWEE finansiële aanwysers aan. (6)
- Die HUB (hoof- uitvoerende beampte) van Guardian Bpk. beplan om die vakante HFB-pos in Maart 2023 vir Nathan Crewe aan te bied. Verduidelik EEN punt van advies aan die HUB. (2)

**INLIGTING:**

**A. Agtergrondinligting:**

- Navarra Bpk. se finansiële state is nog nie geoudit nie.
- Sheryl Mabaso is die HFB van Guardian Bpk. en Nathan Crewe is die HFB van Navarra Bpk. Sheryl sal in Maart 2023 aftree.

**B. Uittreksels uit die rekords vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie:**

| | GUARDIAN BPK. | | NAVARRA BPK. | |
|---|---|---|---|---|
| | **2023** | **2022** | **2023** | **2022** |
| Getal uitgereikte aandele aan begin van jaar | 1 200 000 | | 1 200 000 | |
| Nuwe aandele op 31 Augustus 2022 uitgereik/ teruggekoop | 800 000 | | (300 000) | |
| Getal uitgereikte aandele teen einde van jaar | 2 000 000 | | 900 000 | |
| Uitreikprys van nuwe aandele | R11,20 | | | |
| Terugkoopprys van aandele | | | R11,50 | |
| | | | | |
| | **R** | **R** | **R** | **R** |
| Gewone aandelekapitaal | 20 960 000 | 12 000 000 | 9 000 000 | 12 000 000 |
| Verbandlening | 5 000 000 | 3 600 000 | 6 500 000 | 3 000 000 |
| Bank (gunstig) | 850 000 | 250 000 | | 380 000 |
| Bank (oortrokke) | | | 3 200 000 | |

**C. Uittreksels uit die Aandeleregisters:**

**Terugkoop van aandele:**

Nathan het die ander direkteure van Navarra Bpk. oortuig dat die maatskappy op 1 September 2022 300 000 van sy aandele vir R3 450 000 moet terugkoop. Let daarop dat tussentydse dividende op 31 Augustus 2022 betaal is.

**Aandeelhouding van HFB's:**

| | **GUARDIAN BPK.** | | **NAVARRA BPK.** | |
|---|---|---|---|---|
| | **2023** | **2022** | **2023** | **2022** |
| Sheryl Mabaso | 350 000 | 350 000 | | |
| Nathan Crewe | | | 362 000 | 662 000 |
| % aandeelhouding | 17,5% | 29,2% | 40,2% | 55,2% |

**D. Finansiële aanwysers, markpryse van aandele en rentekoerse:**

| | **GUARDIAN BPK.** | | **NAVARRA BPK.** | |
|---|---|---|---|---|
| | **28 Feb. 2023** | **28 Feb. 2022** | **28 Feb. 2023** | **28 Feb. 2022** |
| Dividenduitbetalingskoers | 46,7% | 33,0% | 103,8% | 34,8% |
| Verdienste per aandeel | 150c | 106c | 80c | 115c |
| Dividende per aandeel | 70c | 35c | 83c | 40c |
| Tussentydse dividende per aandeel | 45c | | 65c | |
| Finale dividende per aandeel | 25c | | 18c | |
| Bedryfsverhouding | 1,7 : 1 | 1,5 : 1 | 0,9 : 1 | 2,5 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,2 : 1 | 1,0 : 1 | 0,2 : 1 | 1,4 : 1 |
| Debiteure-invorderingsperiode | 19 dae | 22 dae | 45 dae | 40 dae |
| Krediteure-betalingsperiode | 50 dae | 48 dae | 55 dae | 60 dae |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,2 : 1 | 0,3 : 1 | 0,6 : 1 | 0,2 : 1 |
| % opbrengs op kapitaal aangewend | 16,6% | 13,5% | 11,3% | 14,8% |
| % opbrengs op aandeelhouersbelang | 12,1% | 10,5% | 6,4% | 11% |
| Netto batewaarde per aandeel | 1 230c | 1 110c | 992c | 1 095c |
| | | | | |
| Rentekoers op lening | 14% | 13% | 14% | 13% |
| Rentekoers op vaste deposito | 9% | 8% | 9% | 8% |
| Markprys per aandeel | 1 350c | 1 150c | 400c | 1 800c |

**45**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR (15 punte; 15 minute)**

Jy word voorsien van 'n artikel oor 'n interne ouditeur wat haar werk verloor het. Gebruik die inligting wat verskaf is en jou kennis oor maatskappye om die vrae te beantwoord.

**GEVRA:**

4.1 **Ouditering:**

- Verduidelik EEN plig van 'n interne ouditeur. (2)
- Gee EEN rede waarom die rekeningkundige rekords van 'n genoteerde maatskappy deur 'n eksterne ouditeur geoudit moet word. (2)

4.2 **Fluitjieblasers (Informante):**

Wat sal jy vir Sally sê met betrekking tot haar stelling in die eerste paragraaf oor fluitjieblasers wat nie bereid is om 'n standpunt teen korrupsie in te neem nie? Verduidelik EEN punt. (2)

4.3 **Aandeelhouers se menings en bekommernisse:**

As 'n aandeelhouer, verduidelik DRIE punte wat jou bekommerd maak oor die optrede van die direksie van Monaco Bpk. Gee in ELKE geval 'n toepaslike rede vir jou kommer. (9)

**INLIGTING:**

| MONACO BPK.: 'N FLUITJIEBLASER SE STORIE |
|---|
| Agt maande gelede het Sally Bolden, die interne ouditeur van Monaco Bpk., met skok verneem dat sy uit haar goedbetaalde pos in die maatskappy afgedank is. Sy het ongemagtigde betalings van R3 500 miljoen deur haar hoofde, die nuwe direksie-voorsitter, Glen Turner, en hoof- finansiële beampte (HFB), Rachel Donovan, aan maatskappye wat met die twee verbind kan word, aan die lig gebring. Sally is steeds werkloos en sukkel om haar gesin te onderhou. Sy en ander fluitjieblasers is nou spyt dat hulle 'n standpunt teen korrupsie ingeneem het.<br><br>Sally se implementering van nuwe interne beheermaatreëls en haar rol in die vervanging van swak presterende verskaffers van goedere en dienste met bekwame en betroubare verskaffers het tot groot voordeel van die maatskappy gestrek. 'n Verlies van R500 miljoen in 2021 is in 2022 in 'n wins van R280 miljoen omgeskakel.<br><br>Sally se probleme het egter begin toe 'n nuwe direksie, onder voorsitterskap van Turner, aangestel is.<br><br>Toe Turner vir kommentaar genader is, het hy gesê dat Sally Bolden se dienste beëindig is omdat sy die maatskappy se beeld skade berokken het. Hy het bygevoeg dat die direksie 'n ondersoek gaan instel om die ander fluitjieblasers te identifiseer.<br><br>In onlangse verwikkelinge het die eksterne ouditeure van Monaco Bpk. gevind dat 'n verdere R200 miljoen aan individue, wat met Turner en Donovan verbind word, betaal is vir onreëlmatige verskaffingsooreenkomste en dat hulle (Turner en Donovan) na bewering maatskappybeleid gemanipuleer het om hulle vriende op die nuwe direksie aan te stel. |

**15**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**
1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE V1

# GRAAD 12

# NOVEMBER 2023

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 10 bladsye.**

## VRAAG 1

**1.1**

| **Bereken die waarde van die fietse se eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **6** |

**1.2 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023**

| | |
|---|---|
| **Verkope** | **21 017 200** |
| **Koste van verkope** | |
| **Bruto wins** | |
| **Ander inkomste** | |
| **Oninbare skulde ingevorder** | |
| **Diverse inkomste** | |
| | |
| | |
| **Bruto bedryfsinkomste** | **12 254 100** |
| **Bedryfsuitgawes** | |
| **Salarisse en lone** | |
| **Waardevermindering** | |
| **Diverse uitgawes** | |
| | |
| | |
| | |
| **Bedryfswins** | **4 150 300** |
| **Rente-inkomste** | |
| **Wins voor rente-uitgawes** | |
| **Rente-uitgawes** | |
| **Netto wins voor belasting** | **3 737 250** |
| **Inkomstebelasting** | **(1 152 000)** |
| **Netto wins na belasting** | **2 585 250** |

| |
|---|
| |
| **24** |

## 1.3 Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2023

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **NIE-BEDRYFSBATES** | |
| **Vaste bates** | |
| **Beleggings: Vaste deposito** | |
| **BEDRYFSBATES** | |
| | |
| | |
| | |
| **TOTALE BATES** | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **GEWONE AANDEELHOUERSBELANG** | |
| **Gewone aandelekapitaal** | **20 000 000** |
| | |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | **4 512 550** |
| **Lening** | **4 512 550** |
| **BEDRYFSLASTE** | |
| **Handel en ander betaalbare bedrae** | |
| **Korttermyndeel van lening** | **420 000** |
| | |
| | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | |

| |
|---|
| |
| **25** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **55** |

**VRAAG 2**

**SHERBIZ BPK.**

**2.1 GEWONE-AANDELEKAPITAAL-NOTA**

| | | |
|---|---|---|
| **1 200 000** | **Uitgereikte aandele op 1 Maart 2022** | **7 200 000** |
| | | |
| | | |
| | | |

**7**

**2.2**

| | |
|---|---|
| **KONTANTVLOEI VAN BEDRYFSAKTIWITEITE** | |
| **Kontant voortgebring deur bedrywighede** | |
| **Rente betaal** | **(117 600)** |
| | |
| | |

**10**

| | |
|---|---|
| **KONTANTVLOEI VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | |
| | |
| | |
| | |

**6**

**2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers:**

| **Netto batewaarde per aandeel** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

| **Dividenduitbetalingskoers** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **5** |

| **% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

## VRAAG 3

**3.1**

| | |
|---|---|
| **3.1.1** | |
| **3.1.2** | |
| **3.1.3** | |

| |
|---|
| **3** |

**3.2 Likiditeit:**

| |
|---|
| **Identifiseer die maatskappy wat sy bedryfskapitaal goed bestuur. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers en tendense aan.** |

| |
|---|
| **5** |

**3.3 Finansieringstrategieë en finansiële hefboom: Guardian Bpk.**

| |
|---|
| **Wat was die oorsake van die verandering in die skuld-ekwiteitverhouding? Verskaf TWEE oorsake met syfers.** |

| |
|---|
| **4** |

| |
|---|
| **Verduidelik waarom dit vir die maatskappy raadsaam was om meer van lenings gebruik te maak. Haal aan en verduidelik EEN ander finansiële aanwyser (met syfers en tendense) wat hierdie mening ondersteun.** |

| |
|---|
| **4** |

**3.4 Dividende, verdienste en opbrengs: Navarra Bpk.**

| | |
|---|---|
| **Verduidelik EEN finansiële aanwyser wat daarop dui dat 'n bekommerde aandeelhouer nie met die verandering in die dividendbeleid van die maatskappy tevrede behoort te wees nie. Haal syfers en tendense aan.** | **3** |
| **Verduidelik of die aandeelhouers tevrede behoort te wees met die verdienste en opbrengs van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers en tendense aan.** | **6** |

**3.5 Aandeelhouding van Nathan Crewe in Navarra Bpk.:**

| | |
|---|---|
| **Identifiseer die effek wat die terugkoop van Nathan se aandele op sy % aandeelhouding gehad het. Haal syfers en tendense aan.** | **2** |
| **Verduidelik hoe die maatskappy in staat was om ongeveer R4,4 miljoen te verkry om die terugkoop van aandele en die dividende wat aandeelhouers verdien het, te finansier. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan.** | **4** |
| **Gee TWEE redes waarom die besluit om Nathan se aandele terug te koop, as onverantwoordelik beskou moet word.** | **4** |

**3.6 Direkteurskap:**

| |
|---|
| **'Die HFB (hoof- finansiële beampte) het 'n noemenswaardige invloed op 'n maatskappy se sukses.' Verduidelik waarom jy met hierdie stelling sal saamstem.** |

| |
|---|
| |
| **2** |

| | |
|---|---|
| **Verduidelik of die direkteure tevrede behoort te wees, of nie, met die aandeelpryse van die maatskappye aan die einde van die finansiële jaar. Haal in ELKE geval TWEE finansiële aanwysers met syfers en tendense aan.** | |
| **GUARDIAN BPK.** | |
| **NAVARRA BPK.** | |

| |
|---|
| |
| **6** |

| |
|---|
| **Die HUB (hoof- uitvoerende beampte) van Guardian Bpk. beplan om die vakante HFB-pos in Maart 2023 vir Nathan Crewe aan te bied. Verduidelik EEN punt van advies aan die HUB.** |

| |
|---|
| |
| **2** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

## VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR

### 4.1 Ouditering:

| |
|---|
| **Verduidelik EEN plig van 'n interne ouditeur.** |
| **Gee EEN rede waarom die rekeningkundige rekords van 'n genoteerde maatskappy deur 'n eksterne ouditeur geoudit moet word.** |

2

2

### 4.2 Fluitjieblasers (Informante):

| |
|---|
| **Wat sal jy vir Sally sê met betrekking tot haar stelling in die eerste paragraaf oor fluitjieblasers wat nie bereid is om 'n standpunt teen korrupsie in te neem nie? Verduidelik EEN punt.** |

2

**4.3 Aandeelhouers se menings en bekommernisse:**

| As 'n aandeelhouer, verduidelik DRIE punte wat jou bekommerd maak oor die optrede van die direksie van Monaco Bpk. Gee in ELKE geval 'n toepaslike rede vir jou kommer. | |
|---|---|
| **BEKOMMERNIS** | **REDE** |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **9** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **15** |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae by daardie item(s) verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir dié syfer 'n bewerkingspunt toe (nie die metodepunt vir die antwoord nie). LW: syfers wat in die nasienriglyne vir komponente van bewerkings aangedui is, moet saam gemerk word; hierdie syfers dra nie die metodepunt vir dele daarvan nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie getoon is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag)
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van 'n vraag nie as 'n negatiewe totaal getoon word nie.
10. Waar metodepunt(e) vir 'n bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
    LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees volgens kandidaat se (geldige) antwoord, of soos in nasienriglyne aangedui.
12. By bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan bevat.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

**1.1**

| **Bereken die waarde van die fietse se eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 740 – 40 / 1 009 – 700* / as beide optel tot 1009<br>(700*✓✓ x R2 100 ✓) + 309 ☑ x R2 020 ✓<br>1 470 000 drie punte / 624 180 twee punte | R2 094 180☑<br>een deel korrek |

6

**1.2 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023**

| | |
|---|---|
| **Verkope** | **21 017 200** |
| **Koste van verkope** (21 017 200✓ + 336 000✓) x 100/220 ✓<br>21 353 200 twee punte<br>Wees bedag op ander alternatiewe uiteensettings vir bewerkings | (9 706 000) ☑* |
| **Bruto wins** Verkope – KvV **5** | 11 311 200☑ |
| **Ander inkomste** | **942 900** |
| **Oninbare skulde ingevorder** | |
| Kommissie-inkomste 277 000 + 41 000<br>een punt een punt | 318 000 ✓✓ |
| Fooi-inkomste (47 150 – 23 000) twee punte<br>(47 150 x 105/205) twee punte<br>303 000✓ – 24 150 ✓✓ | 278 850☑* |
| **Diverse inkomste** | |
| **Bruto bedryfsinkomste** **6** | **12 254 100** |
| **Bedryfsuitgawes** 12 254 100 – 4 150 300<br>Aanvaar sonder hakies, want bewerking sal korrek wees | (8 103 800) ✓ |
| **Salarisse en lone** | |
| **Waardevermindering** | |
| **Diverse uitgawes** | |
| **LW:** 2 125 380 of 2 094 180 word **nie** as finale antwoord aanvaar **nie**<br>Handelsvoorraadtekort 2 125 380 – 2 094 180 sien 1.1<br>Verlies a.g.v. diefstal / Voorrraadverlies | 31 200 ☑☑<br>Indien afgetrek van 2 125 380 |
| Huuruitgawes (1950 x 330) (350 x 330)<br>643 500 ✓✓ – 115 500 ✓✓<br>**OF** 297 000 (900 x 330) twee punte + 231 000 (700 x 330) twee punte **OF** 495 000 (1500 x 300) twee punte + 33 000 (100 x 330) twee punte | 528 000 ☑* |
| Direkteursgelde 85 000 drie punte<br>1 610 000✓ + 75 000✓✓ + 10 000 ✓ | 1 695 000☑ |
| **Bedryfswins** **13** | **4 150 300** |
| **Rente-inkomste** | |
| **Wins voor rente-uitgawes** | |
| **Rente-uitgawes** | |
| **Netto wins voor belasting** | **3 737 250** |
| **Inkomstebelasting** | **(1 152 000)** |
| **Netto wins na belasting** | **2 585 250** |

* 1 een deel korrek

24

-1 vreemde items (maks -2); misplaaste items, ken slegs punte toe vir bewerkings
**LW:** Nasienbeginsel 11 vir toekenning van metodepunte: Bewerking soos per kandidaat se bewerking

## 1.3 Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2023

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **NIE-BEDRYFSBATES** | |
| **Vaste bates** | |
| **Beleggings: Vaste deposito** **2**<br>Ken EEN punt toe vir 1 500 000 as n finale antwoord | 1 000 000✓✓ |
| **BEDRYFSBATES** *aanvaar enige volgorde vir BB-items* | 3 860 090☑* |
| Voorraad sien 1.1 | 2 094 180 ☑* |
| Handel en ander ontvangbares<br>sien Komm Ink oordrag sien Huur uitg [slegs een punt]<br>483 110✓+ 41 000✓ – 2 700✓ +115 500 ☑ OF [350 x 300] | 636 910 ☑* |
| Kontant en kontantekwivalente 629 000✓+ 500 000✓ | 1 129 000 ☑* |
| **TOTALE BATES** **10** | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **GEWONE AANDEELHOUERSBELANG** | 22 562 750✓✓ |
| **Gewone aandelekapitaal** | **20 000 000** |
| Behoue inkomste AHB – GAK **3** | 2 562 750☑<br>Aanvaar nie 0 as antwoord |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | **4 512 550** |
| **Lening** | **4 512 550** |
| **BEDRYFSLASTE** bewerking | 3 793 340 ☑* |
| **Handel en ander betaalbares**<br>Sien Fooi-ink sien Dir. Fooi oordrag<br>523 890 ✓ + 24 150 ☑ + 85 000 ☑ – 2 700 ✓ | 630 340 ☑* |
| **Korttermyndeel van lening** | **420 000** |
| SAID: Ink.belasting 1 152 000 ✓ – 1 049 000 ✓<br>moet pos. wees vir m.punt moet neg. wees vir m.punt | 103 000 ☑*<br>Voorl IB moet afgetrek word |
| Aandeelhouers vir dividende | 2 640 000✓ |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** **10** | |

**25**

* 1 deel korrek

Inspekteer: SAID(IB) en AHvD, want dit kan by H&AB ingesluit word
– 1 vreemde items (maks – 2); Aanbieding -1 (maks -1); Vir misplaaste items, ken slegs punte toe vir bewerkings
LW: Nasienbeginsel 11 by die toekenning van metodepunte: Bewerking soos per kandidaat se bewerkings, tensy anders aangedui

| **TOTALE PUNTE** | **55** |
|---|---|

## VRAAG 2

## SHERBIZ BPK.

### 2.1 GEWONE-AANDELEKAPITAAL-NOTA

-1 swak aanbieding (Maks -1)

| | | |
|---|---|---|
| **1 200 000** | **Uitgereikte aandele op 1 Maart 2022** | **7 200 000** |
| 300 000 ✓ | Aandele uitgereik op 30 Junie 2022<br>Hanteer hierdie bedrag altyd as die balanseersyfer<br>Ignoreer bewerkings vir hierdie bedrag | 2 700 000 ☑<br>Balanseersyfer |
| (90 000)* ✓ | Aandele teruggekoop (GAP: R6,60 ☑)<br>9 306 000/1 410 000 | (594 000)*☑<br>Aanvaar nie<br>90 000 x 0,80 |
| 1 410 000 ☑<br>Een deel korrek<br>Moet 1 200 000 insluit | Uitgereikte aandele op 28 Februarie 2023 | 9 306 000 ✓ |

**7**

* Ignoreer hakies, kontroleer korrekte bewerking vir balanseersyfer

### 2.2

-1 swak aanbieding (Maks -1)

| | |
|---|---|
| **KONTANTVLOEI VAN BEDRYFSAKTIWITEITE** | |
| **Kontant voortgebring deur bedrywighede** | |
| **Rente betaal** | **(117 600)** |
| Dividende betaal [1 200 000 x 0,24] [1 500 000 x 0,3]<br>288 000 ✓☑ + 450 000 ✓☑<br>AS x met korrekte DPA AS x met korrekte DPA<br>**OF** – 288 000 – 450 000<br>(450 000 + 282 000)<br>**OF** (Tot dividende gebruik) +288 000 (twee punte) + 732 000 (een punt) – 282 000 (een punt) | (738 000) ☑<br>moet in hakies wees<br>Vir m.punt: ten minste een punt in een vd komponente moet toegeken wees |
| Inkomstebelasting betaal<br>337 500✓✓ – 42 500✓ – 27 800✓<br>**OF** – 337 500 + 42 500 + 27 800 | (267 200) ☑<br>moet in hakies wees<br>**Vir m.punt**: ten minste een komponent moet korrek wees |

**10**

- Wees bedag op alternatiewe bewerkings, bv grootboekrek of die gebruik van hakies of omgekeerde tekens.
- Verseker dat slegs EEN OPSIE deurgaans toegepas word.
- Waar finale antwoorde nie in hakies is nie, aanvaar 'n invloei van kontant. Ken dan net punte toe vir bewerkings
- As 'n bewerkingssyfer as 'n finale bedrag getoon word, ken die bewerkingspunt(e) toe en ignoreer hakies.
- Indien die korrekte finale bedrag gegee word sonder bewerkings of hakies, ken dan al die bewerkingspunte toe (nie die finale antwoord se punt nie)

| | |
|---|---|
| **KONTANTVLOEI VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | 1 878 600 ☑<br>een deel korrek |
| Opbrengs uit aandele uitgereik | 2 700 000 ☑<br>Sien 2.1<br>Geen hakies |
| Fondse aangewend vir die terugkoop van aandele<br>(90 000 x 6, 60) sien 2.1 + (90 000 x 0,8)<br>594 000 sien 2.1 (een m.punt) + 72 000 (een punt) | (666 000)*✓☑ |
| Verandering in lening<br>273 000 – 117 600 **OF** 1 834 000 – 1 678 600<br>OF –273 000 + 117 600 **OF** – 1 834 000 + 1 678 600<br>Metodepunt slegs as syfers hierbo deel is van 'n bewerking; nie 'n finale antwoord<br>Wees bedag op verskillende permutasies vir bewerkings; kontroleer dit vir geldigheid | (155 400)*✓☑<br>Vir m.punt: ten minste een deel van die bewerkings moet korrek wees |

**6**

* Geen metodepunt(e), indien finale antwoorde nie in hakies is nie; slegs een punt

Kopiereg voorbehou 

## 2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers:

**Netto batewaarde per aandeel**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| $\frac{10\ 200\ 000\ ✓}{1\ 410\ 000\ ☑} \times \frac{100}{1}$<br>Sien 2.1 | 723,4 sent ☑<br>een deel korrek<br>moet in sent wees; aanvaar dis in sent indien nie gespesifiseer.<br>Aanvaar R7,23 of 723c |

**3**

**Dividenduitbetalingkoers**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| *Kies slegs EEN opsie; pas deurgaans toe*<br><br>**OPSIE 1:**<br>Moet korrekte metode of berekening van DPA & finale DPA toepas<br><br>$\frac{20\ ✓✓\ +\ 30\ ✓}{66,2\ ✓} \times \frac{100}{1}$<br><br>**OF** 732 000 drie punte<br>een punt twee punte<br>$\frac{450\ 000\ +\ 282\ 000}{912\ 500} \times \frac{100}{1}$<br>een punt | 75,5% ☑<br>**OF**<br>80,2%<br>een deel korrek<br>moet 'n % wees;<br>aanvaar as %, indien nie aangedui<br>Aanvaar 75%: 76%, 80% |

**5**

**% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| $\frac{912\ 500\ ✓}{½\ (10\ 200\ 000✓ + 7\ 985\ 500✓)} \times \frac{100}{1}$<br>18 185 500 twee punte<br>9 092 750 twee punte plus m.punt vir die finale antwoord | 10,0% ☑<br>een deel korrek |

**4**

- Vir ELKE berekening: die 'x 100' is nie 'een deel korrek' nie
- Tellers en noemers moet as sulks nagesien word.
- Geen punte toegeken vir bewerkings gemaak met alleenstaande syfers, bv. geen punt by 912 500 indien enigiets daarby getel of afgetrek is.
- Oorbodige syfers: ken punte toe vir korrekte syfers en pas die ☒ op die finale antwoord.

| TOTALE PUNTE | 35 |
|---|---|

## VRAAG 3

**3.1**

| | |
|---|---|
| **3.1.1** | C ✓ |
| **3.1.2** | D ✓ |
| **3.1.3** | B ✓ |

**3**

**3.2 Likiditeit:**

**Identifiseer die maatskappy wat sy bedryfskapitaal goed bestuur. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers en tendense aan.**

Guardian Bpk ✓
Indien korrekte mpy. geïdentifiseer is, ken punte toe vir korrekte fin. aanwysers (maks 2)
Verdere verduidelikings (bo en behalwe syfers en tendense) word nie vereis nie.
Tendense kan in 'n verduideliking geïmpliseer word,
Kandidate kan na die negatiewes van Navarra Bpk verwys as motivering.

Finansiële aanwysers ✓ ✓ syfers (wat tendens aantoon) ✓ ✓

- Bedryfsverhouding: Verhoog (van 1,5:1) tot 1,7:1 / met 0,2 : 1
- Vuurproefverhouding: Verhoog (van 1,0:1 ) tot 1,2:1 / met 0,2 : 1
- Debiteure-invorderingsperiode: Verlaag/Verkort (van 22 dae) tot 19 dae / met 3 dae
- Krediteure-betalingsperiode: Verhoog/Verleng (van 48 dae) tot 50 dae / met 2 dae.

**5**

**3.3 Finansieringstrategieë en finansiële hefboom: Guardian Bpk.**

**Wat was die oorsake vir die verandering in die skuld-ekwiteitverhouding? Verskaf TWEE oorsake met syfers.**

✓Verhoging in lening ✓van (R3 600 000) tot R5 000 000 /met R1 400 000 /met 38,8%

✓Verhoging in GAK ✓van (R12 000 000) tot R20 000 000 /met R8 960 000 / met 74,6% / deur addisionele 800 000 aandele uit te reik

**4**

**Verduidelik waarom dit vir die maatskappy raadsaam was om meer van lenings gebruik te maak. Haal aan en verduidelik EEN ander finansiële aanwyser (met syfers en tendense) wat hierdie mening ondersteun.** Moenie Skuld/Ekwiteitverh.aanvaar nie

**Finansiële aanwyser** ✓ **Syfers** (aanvaar finale %-syfers)✓

% Opbrengs op gemid. kapitaal aangewend (OOTKA): Verhoog (van 13,5%) tot 16,6% / met 23% / met 3,1 %-punte

**Kommentaar oor geratheid/hefboomfinansiering** (verwys na positiewe/lae geratheid met rentekoers wat geïmpliseer kan word) ✓✓ deelpunte vir onduidelike / gedeeltelike antwoorde

- Maatskappy is positief gerat want die opbrengs (16,6%) is beter as die leningskoers (14%)
- Die lening (wat verhoog is) is produktief aangewend (teen 14% rente) om meer winste te genereer (teen 16,6% OOTKA)
- Die maatskappy was positief gerat (13,5%, toe rentekoers 13% was); positiewe geratheid het verbeter ten spyte van rentekoersverhoging (tot 14%)

**4**

**LW Nasienbeginsel 7**: –1 vir vreemde items (per Vraag) slegs as volpunte toegeken is en meer as die vereiste aantal aanwysers in antwoord gegee is.

## 3.4 Dividende, verdienste en opbrengs: Navarra Bpk.

**Verduidelik EEN finansiële aanwyser wat daarop dui dat 'n bekommerde aandeelhouer nie met die verandering in die dividendbeleid van die maatskappy tevrede behoort te wees nie. Haal syfers en tendense aan.**

**Finansiële aanwyser** ✓ **Syfers en tendens** ✓

- Dividenduitbetalingskoers het verhoog (van 34,8%) tot 103,8%.
- [DPA (83c) is 43c meer as vorige jaar en VPA het verminder (van 115c) tot 80c / met 35c] (moet beide DPA **<u>en</u>** VPA in antwoord insluit)

**Kommentaar** ✓ Nie aanvaarbaar: 'Aandeelhouers is/is nie tevrede' as kommentaar vir een punt nie; moet noem dat fondse nie behou word nie (vir toekomstige groei)

*Verwagte antwoorde:* Behoue inkomste-fondse van vorige jare, is vir huidige jaar se dividende gebruik/ verminder dus reserwes vir toekomstige uitbreiding / direkteure is nie besorg oor toekomstige groei of volhoubaarheid van die mpy nie / direkteure maak net seker dat hulle herkies word / wil net aandeelhouers tevrede hou.

**3**

**Verduidelik of die aandeelhouers tevrede behoort te wees met die verdienste en opbrengs van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers en tendense aan.**

**LW:** DPA word NIE as antwoord aanvaar nie. ***Raadpleeg asb DBE IM as kandidate Verdienste-opbrengs of Dividendopbrengs ('Dividend yield') (d.i. VPA/MP of DPA/MP) as antwoord aanbied.***

**Finansiële aanwysers** ✓ ✓ **Syfers & Tendense** ✓ ✓

- Verdienste per aandeel (VPA): Verminder (van 115c) tot 80c / met 35c / met 30,4%.
- Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAHB): Verminder (van 11%) tot 6,4% / met 41,8% / met 4,6% %-punte.

**Kommentaar** ✓✓ deelpunte vir onduidelike / gedeeltelike antwoorde

Aandeelhouers behoort bekommerd te wees, omdat die opbrengs nou laer is die opbrengs op alternatiewe beleggings (9%) / afname in winsgewendheid het tot laer opbrengs bygedra

**EEN PUNT**: Aandeelhouers behoort ontevrede te wees

**6**

## 3.5 Aandeelhouding van Nathan Crewe in Navarra Bpk.:

**Identifiseer die effek wat die terugkoop van Nathan se aandele op sy % aandeelhouding gehad het. Haal syfers en tendense aan.**

**Syfers met tendens** ✓✓

Sy % aandeelhouding het verminder (van 55,2%) tot 40,2% / met 27,2% / met 15%-punte.
**EEN PUNT**: Hy is nie meer die meerderheidsaandeelhouer nie / sy aandeelhouding is 40,2%

**2**

**Verduidelik hoe die maatskappy in staat was om ongeveer R4,4 miljoen te verkry om die terugkoop van aandele en die dividende wat aandeelhouers verdien het, te finansier. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan.**

- <u>Lening</u> verhoog ✓ met R3 500 000 (van R3m) tot R6,5m ✓
- Banksaldo ✓ het in 'n <u>oortrekking</u> van R3 200 000 verswak / van 'n debietsaldo van R380 000 na 'n kredietsaldo van R3 200 000 gedaal / met R3 580 000 ✓

**4**

**Gee TWEE redes waarom die besluit om Nathan se aandele terug te koop, as onverantwoordelik beskou moet word.** deelpunte vir onduidelike / gedeeltelike antwoorde

Syfers nie 'n vereiste. Meerderheidsaandeelhouding nie hier aanvaarbaar nie.

Enige TWEE <u>verskillende</u> redes, bv. etiek / bekostigbaarheid ✓✓ ✓✓

- Terugkoopprys (1150c) is hoog, terwyl hul markprys deur die jaar gedaal het (tot 400c)
- Voldoen nie aan wetgewing vir aandeel-terugkoop se finansiering nie / oortree Mpy.wet
- Mpy het nie voldoen aan solvensie- en likiditeitstoetsing nie / likiditeit in gevaar gestel / mpy in kontantvloei-probleme geplaas met groot oortrekking / mpy se fin posisie is riskant (swak)
- Mpy se prestasie (winsgewendheid) het afgeneem / kon nie terugkoop bekostig.
- Het sy meerderheidstatus misbruik om voordeel te trek uit die terugkoop van aandele / het sy eie (selfsugtige) belange bevorder, tot nadeel van die mpy / element van korrupsie – hy kon op bevoorregtingsinligting reageer het
- Terugkoop het bygedra tot die afname in 'n aantal belangrike finansiële aanwysers (kanditate kan dit spesifiseer)

**4**

**LW: Nasienbeginsel 7**: –1 vir vreemde items (per Vraag) slegs as volpunte toegeken is meer as vereiste aantal fin. aanwysers gegee is

## 3.6 Direkteurskap:

**'Die HFB (hoof- finansiële beampte) het 'n noemenswaardige invloed op 'n maatskappy se sukses.' Verduidelik waarom jy met hierdie stelling sal saamstem.**

EEN punt ✓✓ deelpunte vir onduidelike / gedeeltelike antwoorde

- Hy moet 'n spesialis in Rekeningkunde en finansiële bestuur wees om beleggers (belanghebbendes) se belegging te beskerm.
- As hoof van finansies, is hy verantwoordelik vir goeie finansiële bestuur / moet hy die direksie van advies bedien / lei deur goeie voorbeeld / goeie korporatiewe bestuur (etiek & professionalisme) uitstraal
- Behoort bewus te wees van maatskappy se prestasie / finansiële posisie/ beskikbare finansiële bronne / strukture vir behoorlike interne kontroles daarstel.
- Hy behoort nie die besigheid in gevaar te stel nie / fokus op die volhoubaarheid van die maatskappy / hy moet gereeld verslag lewer / deursigtig wees..

| |
|---|
| |
| 2 |

**Verduidelik of die direkteure tevrede behoort te wees, of nie, met die aandeelpryse van beide maatskappye aan die einde van die finansiële jaar. Haal in elke geval TWEE finansiële aanwysers met syfers en tendense aan.**

| | |
|---|---|
| **GUARDIAN BPK.** | **Fin. aanwysers (met syfers).** Tendense nie 'n vereiste<br>✓ NBW p.a. is 1 230c ✓ Markprys p.a. is 1 350c<br>**OF** MP verhoog tot 1 350c en NAV tot 1 230c<br><br>**Kommentaar ✓** *Moet vraag na aandele / beleggersvertroue / mpy-sukses aandui. 'Is tevrede' word nie as 'n verduideliking aanvaar nie*.<br><br>*Verwagte antwoorde*: Aandele is in aanvraag / potensiële beleggers is gewillig om aandele te koop / bevorder goeie beeld of naam / beleggers-vertroue is hoog / Mpy. het goed presteer (toon genoeg interne groei of 'n aanloklike opwaartse tendens) wat tot voordeel van 'n hoër markprys is. |
| **NAVARRA BPK.** | **Fin. Aanwyser (met syfers).** Tendense nie 'n vereiste<br>✓ NBW p.a. is 992c ✓ Markprys p.a. is 400c<br>**OF** MP daal tot 400c en NBW tot 992c<br><br>**Kommentaar ✓** *Moet 'n afname in die vraag na aandele / gebrek aan beleggersvertroue / afname in mpy se sukses aandui. 'Is nie tevrede' word nie as 'n verduideliking aanvaar nie*.<br><br>Verwagte antwoorde: Aandele is nie in aanvraag nie, want mpy se beeld is swak / het tekort aan potensiële beleggers / Daar is 'n drastiese afname in MP wat dui op ernstige bestuursprobleme. Mpy word negatief geraak. |

| |
|---|
| |
| 6 |

**Die HUB (hoof- uitvoerende beampte) van Guardian Bpk. beplan om die vakante HFB-pos vir Nathan Crewe in Maart 2023 aan te bied. Verduidelik EEN punt van advies aan die HUB.**

EEN toepaslike punt ✓✓ deelpunt vir onduidelike / gedeeltelike antwoord
moenie 'kwalifikasies' aanvaar nie

- Nathan neem selfsugtige besluite tot nadeel van die maatskappy.
- Het nie goeie baanrekord / het die mpy in 'n fin. risiko geplaas / hoë skuld-ekwiteit
- Mpy het buitensporig geleen; negatief gerat/fondse nie aangewend om winsgewendheid/produktiwiteit te verhoog nie.
- Vraag na aandele is laag van dié maatskappy wat hy bestuur.
- Guardian is 'n winsgewende maatskappy wat so behou moet word.
- Dit lyk asof hy nie 'n lojale persoon is nie en kan dalk groei benadeel / konflik van belange, want hy is steeds betrokke by die ander mpy.
- Nepotisme behoort nie toegelaat te word nie – lei tot korrupsie.
- Behou Sheryl se dienste, want sy is betroubaar en bekwaam. Nathan het baie fin. skade aan Navarro Bpk. aangerig.

| |
|---|
| |
| 2 |

| TOTALE PUNTE | 45 |
|---|---|

## VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR

### 4.1 Ouditering:

**Verduidelik EEN plig van 'n interne ouditeur.**

Enige toepaslike verduideliking ✓✓ deelpunte vir onduidelike / gedeeltelike antwoorde

- Ontwerp / implementeer / gee advies oor interne beheerprosesse wat ooreenstem met eksterne ouditering se vereistes.
- Hou toesig oor die voorbereiding / interne oudit van fin. state voordat en nadat eksterne oudit gedoen is.
- Tree op as die voorsitter van interne ouditkomitee.

**2**

**Gee EEN rede waarom die rekeningkundige rekords van 'n genoteerde maatskappy deur 'n eksterne ouditeur geoudit moet word.**

Enige toepaslike verduideliking ✓✓ deelpunte vir onduidelike / gedeeltelike antwoorde

- Dis 'n vereiste van die Maatskappywet / dit bevestig dat die mpy. Voldoen aan standaarde/rekeningkundige beginsels / internasionale verslagdoening.
- Beskerm die publiek se belegging / aandeelhouers se belange teen moontlike wanbestuur/bedrog/ kan 'n onpartydige opinie oor mpy se fin. posisie gee.
- Voldoen aan korporatiewe bestuursvereistes / King-kode se vereistes met betrekking tot etiese optrede / deursigtigheid.
- Aandeelhouers kan gemoedsrus hê dat fin resultate geloofwaardig en betroubaar is / bevorder vertroue in fin. state.

**2**

### 4.2 Fluitjieblasers (Informante):

**Wat sal jy vir Sally sê met betrekking tot haar stelling in die eerste paragraaf oor fluitjieblasers wat nie bereid is om 'n standpunt teen korrupsie in te neem nie? Verduidelik EEN punt.**

Enige toepaslike verduideliking ✓✓ deelpunte vir onduidelike / gedeeltelike antwoorde

*Verwagte antwoorde (moet fluitjieblaas/fluitjieblasers ondersteun)*

- Dit is verstaanbaar dat sy geviktimiseerd voel (sy het haar werk verloor)/ landsburgers behoort dankbaar te wees vir fluitjieblasers/ as fluitjieblasers nie na vore kom met inligting nie, sal misdaad nie onder beheer gebring word nie.
- Fluitjieblasers help om korrupte bestuur (werknemers) te ontmasker / hul onetiese aksies te beperk.
- Sy het nie 'n keuse gehad om hierdie gedrag aan te meld nie, want sy was die interne ouditeur ten tye van die voorval / sy kon beskuldig word dat sy nie haar werk doen nie of nalatig is.
- Sy kan die maatskappy voor die KVBA / hof daag.
- Kriminele sal twee keer dink as hulle weet dat hul aksies (optrede) dopgehou / bevraagteken word / Bevorder etiese gedrag in die korporatiewe wêreld.
- SA regering het verklaar dat fluitjieblasers beskerm moet word en anoniem moet bly.

**2**

## 4.3 Aandeelhouers se menings en bekommernisse:

**Verwys na Inligting.**

**As 'n aandeelhouer, verduidelik DRIE punte wat jou bekommerd maak oor die optrede van die direksie van Monaco Bpk. Gee in ELKE geval 'n toepaslike rede vir jou kommer.**

DRIE **toepaslike** & **verskillende** bekommernisse met redes

**NOTAS aan Merkers**:
- Wees bedag op kandidate se alternatiewe opinies.
- Bekommernisse en Redes kan onafhanklik nagesien word.
- ‘n Bekommernis kan as ‘n rede oorweeg word, maar die rede kan nie net ‘n eenvoudige herhaling/ander woorde van die bekommernis wees nie.
- Moenie dies. antwoorde of bekommernisse/redes aanvaar wat net op ‘n ander manier gestel is nie.

| **BEKOMMERNIS**<br>deelpunte vir onduidelike / gedeeltelike antwoorde<br>✓✓ ✓✓ ✓✓ | **REDE**<br>✓ ✓ ✓ |
|---|---|
| • Geen beskerming vir fluitjieblasers<br>• Hul annonimiteit word nie altyd gerespekteer nie<br>• Ondersoek fluitjieblasers | • Hulle kan dalk ontmoedig word om uit te praat oor verkeerde dade (korrupsie) |
| • Samespanning met diensverskaffers/ bestuur<br>• Nepotisme / Konflik van belange | • Selfverryking ten koste van die maatskappy / lei tot finansiële verliese vir die mpy / fin. verliese is nie die gevolg van swak prestasie nie<br>• Nuwe aanstellings se vaardighede word bevraagteken. |
| • Eerlikheid / Lojaliteit aan die maatskappy word nie erken nie / Sally het haar werk onregmatig verloor / onbillik behandel<br>• Publiek se belegging word nie in ag geneem / beskerm / bevorder nie | • Groei in maatskappywinste kan belemmer word<br>• Aandeelhouers se belangstelling in aandele kan negatief geraak word |
| • Korrupsie nie oor ‘n lang tydperk opgespoor/aangespreek<br>• Apatie van (betroubare) werknemers<br>• Gebrek aan deursigtigheid<br>• Betroubare werknemers kyk anderpad | • Maatskappybeleid kan maklik misbruik / gemanipuleer word<br>• Korrupsie sal voortgaan/Geen gevolge van misdade<br>• Vrees vir viktimisasie / afdanking |
| • Mpy-bestuur se geloofwaardigheid & integriteit<br>• Arbeidswette se vereistes & mpy-beleid (bv verkrygings-, werwings-, prestasiebonusbeleid)<br>• Nagevolge hiervan vir die mpy se toekoms – beeld / aandeelprys, ens. | • Onbillike aflegging kan mpy in hofsake betrokke laat raak teen hoë kostes<br>• Aandeelpryse sal vinnig daal / beleggers gaan belangstelling verloor/ aandeelhouers wil vinnig hul aandele verkoop |

**9**

| **TOTALE PUNTE** | **15** |
|---|---|

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou